HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 5 | www.hsheidelberg.co.za | 12 April 2024

S M D W D V S Kalender S M D W D V S

Maandag 15/04 **Dag 7** • Fase-vergadering • Konsert-vergadering	**Dinsdag 16/04** **Dag 8** • Veiligheids-vergadering 17:00 • Rugby o/13-XV-tal Hessequa-proewe	**Woensdag 17/04** **Dag 9**	**Donderdag 18/04** **Dag 1** • Saalbyeen-koms • Movie night gr. 1 - 7	**Vrydag 19/04** **Dag 2** • HS- Eden netbalproewe te Oudtshoorn	**Saterdag 20/04** • 1ste rondte SWD o/13-rugby-proewe te Oudtshoorn • HS-Eden Karoo netbalproewe te Oudtshoorn	**Sondag 21/04** • Cathleen verjaar
Maandag 22/04 **Dag 3** • Juffrou Turck verjaar	**Dinsdag 23/04** **Dag 4** WÊRELD-BOEKEDAG-KOMPETISIE	**Woensdag 24/04** **Dag 5** Hatties Alleen ons beste	**Donderdag 25/04** **Dag 6** • LS-rugby & -netbal vs Slangrivier (Weg) • Juffrou Meyer verjaar	**Vrydag 26/04** **Dag 7**	**Saterdag 27/04** VRYHEIDS-DAG	**Sondag 28/04**

UIT DIE KANTOOR

Liewe Ouer/Voog

Dit is aangename voorreg om weer aan u te skryf.

Terugvoer van die oueraand:
Na afloop van die oueraand het een tema uitgestaan en dit is die behoefte by kinders en onderwysers dat daar dringend en daadwerklik aandag geskenk moet word aan lees.

Hieronder volg wenke om u en u kind by te staan rakende lees aktiwiteite by die huis:
Wenke vir saamlees. Die meeste van ons het ’n bietjie hulp nodig wanneer ons vir die eerste keer saam met kinders lees. Hier is ’n paar wenke om dit vir almal wat betrokke is, meer genot-vol te maak. Probeer een wenk op ’n slag en bepaal watter die beste vir jou en jou kinders werk.

- Geniet dit!

Die belangrikste ding is dat julle moet ontspan en julself geniet. Sodoende sal jou kinders leer dat lees lekker en interessant is.

- Maak beurte om boeke te kies

Laat jou kinders soms die boeke kies wat hulle wil hê jy moet lees. Ander kere kan julle saam besluit oor watter boeke om te kies en kan jy ’n paar voorstel wat jy dink hulle belang-stelling sal prikkel.

- Tydsberekening is belangrik

Kies ’n tyd wanneer dit vir jou kinders maklik is om rustig te wees. Dit kan na badtyd wees, of net voor hulle vir die middag of aand gaan slaap.

- Moet dit nie oordoen nie

Hou saamlees-sessies kort. Jonger kinders vind dit moeilik om vir lang tye te konsentreer. As jou kinders rusteloos raak of belangstelling verloor, hou op lees en probeer later of die volgende dag weer.

- Moenie die omslag oorslaan nie

Lees die titel van die boek en die name van die outeur en illustreerder elke keer as jy vir jou kinders ’n boek lees. Sodoende besef hulle dat regte mense stories skep. Laat hulle speurder speel met die nuwe boek en die leidrade op die omslag gebruik om te raai waaroor die boek gaan.

- Vra vrae

Vra jou kinders vrae oor die storie terwyl jy lees. ‘Wat dink jy gaan volgende gebeur?’, is ’n goeie vraag om kinders se voorspellings-vaardighede te ontwikkel. Hierdie is ’n baie belangrike geletterdheids-vaardigheid.

- Moenie ophou nie

Saamlees is nie net vir jonger kinders nie. Jy hoef nie op te hou om vir hulle te lees sodra hulle self kan lees nie! Kies moeiliker en meer komplekse boeke as dié wat hulle op hul eie kan lees.

Ek vertrou dat u en u kind die kwartaal verrykend sal vind.

Groete uit ’n geseënde skool

Groete

J.J. Nell
Skoolhoof

HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Hatties

Uitgawe: 5 www.hsheidelberg.co.za 12 April 2024

KLASFOTO'S

Klasfotobestellings sluit **Vrydag 3 Mei.**

SPICE IT UP!

Dit is weer tyd vir ons baie gewilde spesery-fondsinsamelingsprojek in samewerking met Ockertskraal. Daar sal nie 'n meer ideale Vadersdag-geskenk wees nie! Leerders het verlede kwartaal bestel-vorms ontvang. Daar is groot pryse op die spel. Ons vra asseblief almal se onder-steuning vir hierdie projek. Sluitingsdatum: 16 Mei

GEBEDSKETTING

"Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou" PS 32:8.

Here ons skool erken U as die bron van alle kennis, wysheid en insig. Ons draai na U as onderwyser en raadgewer in ons lewens.

MR. BEAN IS OP PAD...

Ons nooi elkeen uit om saam in die vreugde van die laerskoolkonsert te deel. Moet dit nie misloop nie. Kaartjies is by finansiële-kantoor beskikbaar teen R75 vir volwassenes en R35 vir kinders.

ASSESSERINGSROOSTER

Leerders ontvang vandag hul assesseringsooster vir kwartaal 2. Ons doen 'n beroep op alle ouers en voogde om dit saam met u kind deur te gaan.

SKRYFBEHOEFTES

Ouers moet asseblief die skool se hand vat en toesien dat hul kinders met die regte en nodige skryfbehoeftes skool toe kom. Hoërskoolleerders moet hul eie sakrekenaar en krammasjiene hê. Leen van skryfbehoeftes word nie toegelaat nie. Leerders se handboeke en werkboeke moet met plastiek oorgetrek word.

COLOUR RUN

Merwena Koshuis daag almal uit om aan die "colour run" op 1 Mei om 10:00 deel te neem. Dit beloof om groot pret te wees. Dit kos R20 per persoon en daar is 'n snoepie beskikbaar.

SKAAKDINGE

Baie geluk aan die volgende leerders wat in die Edenspan opgeneem is. Hulle gaan 4 & 5 Mei in Langebaan deelneem.

Johannes Saayman
Xaydia Meyer
Iwan Roberts
Ciara Riddles

Baie geluk aan Lisakhanya wat baie goed in die hoërskool Wes-Kaap proewe gevaar het.

WÊRELDBOEKEDAG-KOMPETISIE

Op 23 April vier ons jaarliks wêreldboekedag. Lapa Uitgewers daag skole uit om soos boek-karakters aan te trek. Groot pryse vir skole en leerders op die spel.

MOVIE NIGHT